MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

21 APRIL 2011

ROTTE, ROTTE, ROTTE

"Rotte, rotte, oral rotte! Die Christen-Demokratiese Party (CDP) het nie verniet verlede week hulle kommer uitgespreek oor die gesondheidsrisiko's wat die Pikitup-staking inhou nie," aldus Linda Pretorius, raadslid van die CDP.

"Die staking wat op 7 April begin het, het nou tot gevolg dat rotte oral in Johannesburg rondloop, nie eens hardloop nie, so op hulle gemak is hulle. Veral die middestadgebied word erg geraak, alhoewel dot nie tot net die gebied beperk is nie. Volgens berigte van die straathandelaars in die gebied is daar drie keer meer, en baie groter rotte as gewoonlik te sien en hulle steur hulle nie aan verbygangers nie. Besighede in die area voel reeds die gevolge daarvan in hulle sakke, want voornemende kopers bly ver weg van die stank en die ongediertes. "

"Johannesburg se Gesondheidsafdeling het reeds erken dit dat 'n groot risiko van 'n rotbevolkingsontploffing tot gevolg kan hê, en Johannesburg het geen strategiese planne om so 'n rotbesmetting te beheer nie. Rotte kan meer as 35 siektes versprei indien dit in kontak met mense kom."

Rats,Rats,Rats

"Rats, rats, rats, everywhere! The Christian Democratic Party already voiced its concerns a week ago about the health risks caused by the Pikitup strike in Johannesburg" Says Councillor Linda Pretorius of the CDP.

"The strike that began on the 7th of April, has now caused a rat infestation of gigantic proportion in Johannesburg, especially in the CBD. According to street traders there are three time more and much bigger rats around than ever before and they aren't in the least disturbed by people walking by. Businesses in the area have felt the result of this in their pockets as shoppers avoid the smell and the scurrying pests."

"Johannesburg's Health Department has admitted that the rat explosion poses a great health risk for which they have no strategic plan. Rats can spread more than 35 diseases if they come in contact with humans."